COMP/0002, 19

BETHANIEN TRADITIONAL GROUP [illegible]

Hr ~~Chief~~ Hoofm D. FREDERICK en Mnr C CLOETE

National Archives of Namibia

# MEMORANDUM

## A) TRADISIONELE GROND GROOTTE

Grense het gestrek vanaf Lüderitz in die weste, Berseba, Gibeon, Maltahöhe. In die noorde met en tot by die Visrivier in die Suid-ooste. Hierdie grond grootte het die volgende gebied aan die bevolking.

1. Genoeg leefbare ruimte.
2. Vryheid van beweeging.
3. Weiding was nie juis 'n probleem nie.
4. Mense was selfonderhoudend t.o.v. veeproduksie.
5. Minder sosiale, maatskaplike en dus ekonomiese probleme.

## B) HUIDIGLIKE GROND GROOTTE.

Grense strek huidiglik vanaf Berseba, ~~Aus~~ Bethanien tot by Kosis. A.G.V. die herverdeling tydens die Koloniale era is die volgende probleme geskep of teweeg gebring.

1. Groot grondbesitters se grond is herverdeel, en moes met 'n klein stukkie grond tevrede wees - regte is ontneem.
2. Ontevredenheid is geskep onder bevolking.
3. Groter konsentrasie van mense op 'n klein stukkie boerdery grond.
4. Groter konsentrasie vee op verdeelde plase.
5. Water probleme.
6. Uittraping en vernieling van vrugbare produktiewe landbougrond.
7. Droogtes volg.
8. Gebrek aan bestuur a.g.v. gebrek aan infrastruktuur.
9. Maatskaplike en sosiale probleme.
10. Die bevolking van die Bethaniën gebied het die grootste grond besit, maar a.g.v. die herverdeling is dit die groep met die kleinste stukkie grond.

## C) DIE BESIT VAN GROND DEUR BUITELANDERS:

Plase van buitelanders word nie produktief aangewend nie. Hierdie plase word as status simbole gebruik of word vir die doel aangewend.

1. Jagplase.
2. Vakansies.
3. Tyd verdryf.

Hier/...

Hierdie tipe plase is gewoonlik baie groot en onproduktief. Boere met groot plase is nie altyd produktief nie, dus word die Regering versoek om ook aan hierdie probleem aandag te skenk. Die ekonomie word hierdeur verlaag a.g.v. onbevoegde plaaseienaars, naweekboere en vakansieboere.

ONTWIKKELING:

Watervoorsiening word al hoe meer dringender in die kominale gebiede.

Hier word meer instandhoudings werk gedoen as verdere uitbreidings. Dit bring mee dat die selfde probleme jaarliks ondervind word.

Dit is die rede waarom ontwikkeling minimaal bly.

Geen aandag aan heinings en verdere water probleme gegee kan word nie en dat ontwikkeling of uitbredings slymerend bly. Hierdie saak verg aandag.

MOONTLIKE VOORSTELLE AAN DIE REGERING

1. Doen 'n beroep op die Regering om die area te vergroot of te rek asook die ontwikkeling daarvan.
2. Die aankoop van aangrensende plase of dele daarvan wat te koop is.
3. Vrye opsie tydens die kies en toekennings van plase.
4. Benutting van dorpsgronde om meer grond in Boerdery doeleindes beskikbaar te stel.
5. Toepassing van kampstelsels met voldoende waterpunte om ekonomiese boerdery te bevorder.
6. Meer profesionele voorligting aan boere om verhoogde produktiwiteit in boerdery sisteme te verkry.
7. Vaardigheid in die instandhouding van landbouhulpmiddele en landbouimplemente.
8. Ontwikkelingsfondse beskikbaar te stel.
9. Hulp moet moontlik wees, maar moet sinvol wees om dit te kan gebruik.
10. Laastens moet grondbesitter op gradeer word om hulpmiddele doeltreffend met beplanning te kan gebruik.

# MEMORANDIUM:

1. Akkommodeer te veel Boere met baie vee op 'n baie klein stukkie grond en word gevolglik oorbewei.

2. Tradisionele grootte van die gebied was bevredigend. Dit het gegrens met Lüderitz in die weste, Berseba, Gibeon en Maltahöhe in die noorde en met Visrivier in die suid-ooste.

3. Doen 'n beroep op die Regering om die area te vergroot of te rek asook die ontwikkeling daarvan. Aankoop van aangrensende plase wat te koop is.

4. Boere met meer of baie groot plase is nie ekonomies produktief nie. Kan nie doeltreffend kontrolle uitoefen nie.

5. Benutting van dorpsgronde om meer gronde vir Boerdery doeleindes beskikbaar te stel.

6. Watervoorsiening word daagliks al hoe meer en meer dominerend in Kommunale streke. Terwyl aktiewe ontwikkeling minimaal voorkom.

7. Toepassing van kampstelselmet voldoende waterpunte om ekonomiese Boerdery te bevorder.

8. Meer profesionele voorligting aan Boere om verhoogde produktiwiteit in boerdery te verkry.

9. Oor en oor verdeling van grond tydens die Koloniale era het gemaak dat diegene wat baie grond gehad het grond verloor het.

10. Vaardigheid in die instandhouding van landbouhulpmiddele of implemente.

11. Vrye opsie tydens kies en toekening van plase. Besit van plase deur uitlanders wat die land se ekonomie uitput.

12. Soromaas(Bethanië) Stamraad het 'n lys van vroeëre Tradisionele grond grootte aan Agbare Minister Hausiku oorhandig te Bethanië.

MEMORANDIUM:

1.Akkommodeer te veel Boere met baie vee op 'n baie klein stukkie grond en word gevolglik oorbewei.

2.Tradisionele grootte van die gebied was bevredigend.Dit het gegrens met Lüderitz in die weste,Berseba,Gibeon en Maltahöhe in die noorde en met Visrivier in die suid-ooste.

3.Doen 'n beroep op die Regering om die area te vergroot of te rek asook die ontwikkeling daarvan.Aankoop van aangrensende plase wat te koop is.

4.Boere met meer of baie groot plase is nie ekonomies produktief nie.Kan nie doeltreffend kontrolle uitoefen nie.

5.Benutting van dorpsgronde om meer gronde vir Boerdery doeleindes beskikbaar te stel.

6.Watervoorsiening word daagliks al hoe meer en meer dominerend in Kommunale streke.Terwyl aktiewe ontwikkeling minimaal voorkom.

7.Toepassing van kampstelselmet voldoende waterpunte om ekonomiese Boerdery te bevorder.

8.Meer profesionele voorligting aan Boere om verhoogde produktiwiteit in boerdery te verkry.

9.Oor en oor verdeling van grond tydens die Koloniale era het gemaak dat diegene wat baie grond gehad het grond verloor het.

10.Vaardigheid in die instandhouding van landbouhulpmiddele of implemente.

11.Vrye opsie tydens kies en toekening van plase.Besit van plase deur uitlanders wat die land se ekonomie uitput.

12.Soromaas(Bethaniën) Stamraad het 'n lys van vroeëre Tradisionele grond grootte aan Agbare Minister Hausiku oorhandig te Bethaniën.

1/10/[illegible] [signature]